

8 September

Skrifgedeelte: Genesis 3:1-9; Jak 1:22-27

FOKUSGEDEELTE: NGB, ART 14

### Die sondeval

Die Prediker sê (Pred 1:18): "... wie kennis versamel, versamel smart." Dit geld ook vir Adam en Eva. Hulle was sondeloos en volmaak en tog het hulle nie alles geweet, verstaan of besef nie. (Ons moet dus nie volmaaktheid en volleerdheid met mekaar verwar nie. Daar is ook so-iets soos 'n salige onkunde.)

Onkunde kan egter ook gevaarlik wees. Die mens het in die paradys "sy uitnemendheid nie besef nie," sê die NGB in Artikel 14. Dit is op hierdie punt waar Satan met sy lis en sy leuens toeslaan. Hy maak Eva "kundig" oor haar onkunde en op die manier kweek hy begeerte in haar. Omdat sy nie haar uitnemendheid as kroon van God se skepping BESEF nie groei 'n ander BESEF in haar, naamlik dat die vrugte van die verbode boom "goed" en "mooi" en "begeerlik" is "omdat dit kennis kan gee" (Gen 3:6).

Natuurlik volg Satan vandag nog dieselfde strategie! Hy vestig jou aandag só op dit wat jy nie het nie dat jy vergeet wat jy het. Hy hoef maar net 'n verkeerde begeerte in jou te kweek en die res volg vanself! Uit die begeerte groei immers die sonde, en uit die sonde groei die dood (Jak 1:14-15).

Die vraag is dus: Hoe kan ons in ons lewe 'n "salige" onkunde behou, een sonder kwesbaarheid vir verkeerde begeertes? Jakobus sê: VERDIEP jou in God se volmaakte wet (Jak 1:25). Dit beteken: lank, eerlik en gelowig God se voorskrifte bestudeer, jouself daarin spieël totdat jy die liefde van Jesus Christus se offer in jou plek raaksien. Wie dít ontdek, BESEF hulle uitnemende posisie voor God om vrygemaak te wees, gehoorsaam sy voorskrifte en weerstaan verkeerde begeertes. Hulle is gelukkig in wat hulle doen (Jak 1:25)!

*DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)*

~~~~~